# Sinne en sinsdele

## Soorte sinne

Daar is vier soorte sinne in enige taal.

| Soort sin | Voorbeeldsin | Opmerkings |
|---|---|---|
| **Stelsin**<br>'n Gewone sin waarin 'n stelling gemaak word | Die motor se ligte is helder. | Onthou die punt (.) |
| **Vraagsin**<br>'n Sin waarin 'n vraag gevra word | Sal jy asseblief die papier optel? | Onthou die vraagteken (?) |
| **Bevelsin**<br>'n Sin waarin 'n opdrag of bevel gegee word | Maak nou dadelik jou kamer skoon! | Onthou die uitroepteken (!) |
| **Uitroepsin**<br>'n Sin waarin byvoorbeeld 'n uitroep van verbasing is | Ons het gewen! Ons het gewen! | Eindig met 'n uitroepteken (!) |

Jy moet sinne na 'n ander soort sin kan herskryf, bv. herskryf 'n stelsin as 'n vraagsin.

1. Herskryf die sinne as die soort sin wat tussen hakies aangedui is.

   a) Die kinders het amper almal vergeet om hulle hoedjies saam te bring. (vraagsin)

   ________________________________________

   ________________________________________

   b) Het die man met sy kinders geraas? (stelsin)

   ________________________________________

   ________________________________________

   c) Sal jy asseblief die kas regpak? (bevelsin)

   ________________________________________

   d) Het die span verloor? (uitroepsin)

   ________________________________________


© Oxford University Press Southern Africa

## Volgorde in sinne

Wanneer jy langer sinne skryf, moet jy baie mooi oplet na die korrekte volgorde van die woorde. 'n Paar belangrike wenke om te onthou:

- **Tydwoorde** word van groot na klein gebruik, bv. Die span oefen weekliks elke dag om drie-uur.
- **Plekwoorde** word van klein na groot gebruik, bv. Die toernooi vind in Pretoria in Gauteng in Suid-Afrika plaas.
- **Tussenwerpsels** gee lekker emosie/gevoel aan sinne, bv. Hoera!, Aitsa!, Ai!, Sjoe!, Sies!, Gits!, Foei tog!, Eina!, Wê!, Sa!

1. Gebruik die sinsdele om goeie sinne met die korrekte woordvolgorde te skryf.

   a) Na skool; ek en jy; in die middae; gaan hard oefen

   ______________________________

   ______________________________

   b) Hy is gekies; in Denemarke; om deel te neem; Wêreldspele; volgende jaar; aan die

   ______________________________

   ______________________________

   c) Al die kinders; verlede jaar; het klas skoongemaak; 'n week; een keer

   ______________________________

   ______________________________

2. Herskryf die sinne in die korrekte woordvolgorde.

   a) Tafelberg is in die Wes-Kaap in Suid-Afrika in Kaapstad.

   ______________________________

   b) Tieners staan soggens oor naweke in die vakansies om tienuur op.

   ______________________________

   ______________________________

3. Voltooi die sinne deur gepaste tussenwerpsels in te voeg.

   a) ____________ Ons het gewen!

   b) ____________ Ek het my toon gestamp!

   c) ____________ Dit stink!

© Oxford University Press Southern Africa